DIE GEES EN GEBED

Die Heilige Gees maak dit vir ons moontlik om te kan bid. Sonder die Gees sou gebed eintlik nie moontlik gewees het nie. As God nie sy Gees in ons uitgestort het nie, sou ons nie sy gespreksgenote kon wees nie. Dan sou daar net twee opsies oop gewees het: óf om die oorhand oor God te probeer kry, óf om jouself sonder weerstand aan God oor te gee. Ware gebed behels nie een van die twee opsies nie. Dit is nie 'n kompetisie met God nie en dit is ook nie 'n meditatiewe eenwording met God nie. Dit is 'n gesprek met God. En dit kan alleen, omdat Hy ons deur sy Gees bemagtig het tot gespreksgenote.

In hierdie lig moet ons Paulus se woorde in Romeine 8:26-7 verstaan:

> Die Gees staan ons ook in ons swakhede by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

Met God kommunikeer ons met woorde. En as ons woorde opraak, verwoord die Gees ons versugtinge vir ons. Maar om te bid met woorde wat verstaanbaar is, is iets totaal anders as om God (ook met woorde) te probeer manipuleer, en dit is ook iets anders as om God net as 'n onpersoonlike Wese te sien met wie ons in 'n eenheid moet versmelt.

Die Heilige Gees laat ons nie versmelt met God nie. Dan sou gebed eintlik onnodig en oorbodig gewees het. Aan die ander kant, weerhou die Gees ons daarvan om ons te verbeel dat ons self God is, en daarom weerhou Hy ons daarvan om God met ons gebede te probeer oorrompel sodat óns wil kan seevier. Hy (die Gees) maak ons gewillig om te buig voor God se wil, maar ook nie sonder gesprekke en selfs worsteling met God nie. Die Gees maak ons gewillig om na God te luister, maar Hy bemagtig ons tegelyk om met God te kan praat. Ons kan selfs teëpraat en pleit. Maar as die Gees jou vervul sal jy nie maklik God aan jou wil probeer onderwerp nie. Dan interpreteer jy nie gebed as 'n kompetisie met God nie.

Pinkster is die tyd van die Gees. In die pinkstertyd vier ons dit opnuut dat God so naby ons gekom het dat sy Gees saam met ons gees in ons woon. Ons vier dit ook dat Hy ons bemagtig het om mondige gespreksgenote te wees.